

Geliefde Lourensrivierder

Baie seën, wysheid en insig word vir ons opvoeders toegebied wat hierdie laaste kwartaal van 2018 weer ons kinders onder hul vlerke moet neem. Ons dra ook die ouers en skoliere aan die Here op. Matrieks, ons maak julle toe in ons gebede en vertrou dat die Here jul sal bystaan om hierdie laaste hekkie van skool oor te seil met glorie.🎵

**Tyd vlieg... tyd is kosbaar... tyd glip deur ons vingers soos sand...**

**Ja, ja, ons weet..... die vraag is: benut ons dit reg??**

**“n Duisend albasters se tyd**

Hy was besig om sy tweede koppie koffie te drink. Dit was 'n Saterdagoggend. Sy gunsteling tyd. Hoekom sou dit so wees, het hy gewonder, dat hy so besonder baie van hierdie stukkie tyd hou? Uiteindelik het hy besluit dat daar 'n klompie redes is. Dis die stilte, want die res van sy gesin slaap nog en daar heers 'n kalm vrede in die huis. Hy geniet ook die luukse daarvan om rustig sy koerant te lees, sonder 'n horlosie wat hom werk toe jaag. En dan ook die opwinding van die dag wat voorlê – dalk hou dit 'n heerlike verrassing in!

Toe maak hy die som. Iemand wat 75 jaar lank leef, het 3 900 Saterdagoggende. Heerlik! Maar toe besef hy dat hy reeds 55 is en moontlik net 1 000 Saterdagoggende oor het. In plaas van om hartseer te wees oor die tyd wat verby is, wou hy seker maak dat hy dít wat oor is, geniet. En so is “n Duisend albasters tyd” gebore.

Die man het 'n groot deurskynende bak gaan koop en dit met een duisend albasters volgemaak. Dit was sommer 'n hele klomp! Daarna het hy elke Saterdagoggend een albaster uit die bak gehaal. So kon hy sien hoe die tyd verbygaan, maar ook hoeveel tyd nog oor is. Kosbare, heerlike Saterdagoggende. Elke albaster wat hy uitgehaal het, was 'n geskenk. Daarom het hy dit ten volle geniet – van sy eerste koppie koffie af totdat die son sak. Dit het hom ook gehelp om te fokus op dinge wat vir hom regtig belangrik is. Soos familie en vriende, want tyd saam met die mense vir wie jy lief is, raak stadigaan minder. Soms verdwyn dit sommer opeens, lank voordat die albasters in jou bak op is. Elke oomblik is kosbaar.

Teen die tyd wat hy die laaste albaster uitgehaal het, het hy besef sy oorblywende Saterdagoggende raak nou regtig min. En dat elkeen wat gaan volg, selfs nóg meer besonders is. Nog 'n kans om die wonder van die lewe te geniet. En hy het.”

Om die res van die inspirerende artikel te lees, KLIEK op hierdie skakel: <https://voelgoed.co.za/tel-jou-dae-dis-kosbaar-2/>

**NUUSKRUMMELS: 11 Oktober 2018**

**NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:**



**DINAMIET KIEDZ**

Ons begin weer Sondag, 14 Oktober met 'n vol program (aangeheg aan die onderkant van die Nuuskrummels)🎵

**LIFELINE YOUTH:**

**BELYDENISAFLEGGING VAN GRAAD 11'S, SONDAGAAND, 21 OKTOBER @ 18H00**

Ons nooi al die familie, vriende en wie hulle ookal wil kom ondersteun, om die spesiale gebeurtenis saam met hulle te kom deel. Leiers is: **Liesbet @ 0736300268** en **Constant @ 0722243267**

**Gebied vir opvoeders**

Here,  
Laat hulle leer met WYSHEID  
om gedagtes te vorm  
Laat hulle leer met WAARHEID  
om harte te vorm  
Laat hulle leer met VISIE  
om die toekoms te vorm  
Laat hulle leer met LIEFDE  
om die wêreld te vorm



## Is hierdie Fees van 'n Fees al in jou dagboek?? Jy wil dit nie mis nie!

As jy lus is om saam met die Feesmark-familie 'n paar uurtjies van jou tyd op te offer en die Fees-atmosfeer te ervaar, is jy welkom om vir Jackie by die Kerkkantoor te kontak @ 021 853 5991

**Sal jy ook asb ons advertensie met almal deel?** Maak dit sommer jou "profile" foto vir 'n tydjie, as jy wil 😊 Jy kan ook die Advertensie op ons Facebook Blad gaan "share" 🎵🎵



**Lourensrivier Strand**  
**FEESMARK**  
h/v Broadway, Da Gama & Jenningsstraat, Strand  
**26 OKTOBER - 10 NOVEMBER**  
Weeksdae: 09h00 - 19h00 | Saterdag: 09h00 - 17h00  
**NAVRAE : 021 853 5991**  
**TOEGANG GRATIS**

## WONDER JY DALK WAT OM MET JOU OU BRILSAKKIES OF BRILHOUERTJIES TE MAAK??

Hier is 'n wonderlike projek wat jy kan ondersteun! Jy kan die sakkies/houertjies by Lourensrivier Kerkkantoor afgee of vir Ds Chris Bester kontak by onderstaande nrs.

 **EVANGELISM EXPLOSION**   
**SUID AFRIKA**  
**LEESBRILLE VIR DIE SENDING**  
*Maak leesbrille...deel die EVANGELIE...*  
*Help mense sien, lees en SIEN!*  
**Chris Bester 082 444 5685 / 021 9100 311 / 012 3330051**

### EE SA: LEESBRILLE VIR DIE SENDING

#### Bedieningsdoelwit

Baie mense word daarvan weerhou om God se Woord te lees weëns swak sig.

**LEESBRILLE VIR DIE SENDING** wil God verheerlik deur 'n betroubare leesbril aan mense van alle volke te voorsien om God se Woord te lees.

Die drieledige doelwit van **LEESBRILLE VIR DIE SENDING** is:

1. **Opleiding** en **gereedskap** om betroubare brille te voorsien.
2. **Bevorder** die Koninkryk deur die Evangelie van Jesus Christus te deel aan elkeen wat 'n bril ontvang.
3. Opleiding van plaaslike gelowiges en sendelinge om **brille te vervaardig** en die visie uit te dra.

### NUUS UIT DIE GEMEENSAP:

#### BUURTWAG NUUS:

Oktober Nuusbrieff is nou beskikbaar met veiligheidswenke en inligting oor ons gemeenskap wat elkeen raak. Misdaadsyfers vir die afgelope 3 jaar word ook in die Nuusbrieff uiteengesit.

Indien jy graag die nuusbrieff wil ontvang, kontak asb. vir Carl Gersbach, 0836352114 of [chgens@telkomsa.net](mailto:chgens@telkomsa.net).

Besoek ook hul FB Blad met al die nodige inligting wat daagliks daarop geplaas word: <https://www.facebook.com/strandnw/>

STRAND BUURTWAG is die "oë en ore van die Buurt". 'n Uitnodiging aan alle Strand inwoners om asb. in te skakel by die Strand Buurtwag!! Raak betrokke en maak 'n verskil!

 **STRAND**  
BUURTWAG - NEIGHBOURHOOD WATCH  
Die oë en ore van die Buurt / The eyes and ears of the Neighbourhood  
**081 570 3540**  
24 hours a day / 7 days a week  
<http://strandnw.co.za>

## KNIEWERK

- ✦ Ons leraars, verskillende bedienings en Gemeente
- ✦ Paul Louw (kanker)
- ✦ Die laaste kwartaal se besige skedule in mense se lewens
- ✦ Matrieks, onderwysers en skoliere
- ✦ Belydeniskinders wat hul geloof gaan bevestig op 21 Oktober

### **Van ons gemeentelede het hierdie gebed versoek wat Ds Samantha Chamberlain (Suider-Strand) op Sondag, 30 September in haar diens gebruik het hier by ons. Sy deel dit graag met julle:**

O God, in U oneindige wese lê al die skatte van wysheid en waarheid en heiligheid opgesluit.

Laat die deugde van 'n Christelike karakter in my vorm aanneem deur my voortdurende gemeenskap met U:

Die gawe van 'n dankbare en tevrede hart;

die gawe om geduldig op U vrede te wag en U onmiddellik te gehoorsaam as U my roep;

die gawe om moedig deur lyding of gevaar te gaan;

die gawe om swaarkry te verduur omdat ons vir Christus lewe;

die gawe om onbevrees op te staan vir wat reg is;

die gawe van selfdisipline;

die gawe van eerlikheid teen elke prys;

die gawe om ander te behandel soos ek behandel wil word;

die gawe van sagmoedigheid, sodat ek ander nie te gou sal oordeel nie;

die gawe van beheerstheid, sodat ek nie te gou sal praat nie;

die gawe van vergifnis teenoor almal wat my veronreg het;

die gawe van begrip vir hulle wat swakker is;

die gawe van verlange dat U hierdie gebed sál hoor.

Amen

(deur John Baillie – 1886-1960 – uit Gebedeboek met Liturgiese Voorstelle)

## FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK SONDAG, 14 OKTOBER SE BOODSKAP: HEB 4:12-16 (21STE WEEK IN KONINKRYKSTYD - PETRIE)

Daar is twee kragtige bewegings in ons teks:

**Vers 12-13:** In die eerste beweging word vertel hoe die Woord van God ons voor God blootlê. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart, en ontbloot alles voor God;

**Vers 14-16:** In die tweede beweging word ons na die genadetroon van die Hoëpriester, Jesus Christus, geneem. Waar ons wonde en gebreke in die eerste beweging blootgelê is, ontmoet ons in die tweede beweging die voorsiening wat God in Jesus vir ons sonde gemaak het.

Mens kan selfs begin bewe as jy besef dat God alles sien, en jou diepste motiewe deurskou. Jy kan ander flous, maar nie vir God nie.

Hierdie blootlegging is egter nie bedoel om ons in vrees en bewing te laat nie. Dit berei ons voor om in die wonderlike Woord van verlossing en bevryding te deel.

Dit is wanneer mens in die ontbloting van die Woord bly, dat jy ontdek genade is aan die werk. God het die wond oopgemaak, sodat dit kan genees. Die Woord wys die probleem, sodat ons na die oplossing kan gryp. Die lig het in ons duisternis geskyn, sodat ons in die lig kan bly lewe.


So ontbloot, word die teerheid en genade van God vir ons 'n werklikheid. Dan is die evangelie nie langer 'n teorie nie, maar 'n krag wat ons in die lewe van en met God intrek. Ons ontdek die wonder dat sy Seun onder ons kom woon het toe ons nog vyande van God was. Die lewe en werk van Jesus word die sentrum van ons lewe.

Ons ontdek Jesus as ons Hoëpriester, die Een wat die hemele vir ons ingegaan en op die genadetroon gaan sit het. Ons kan na Hom kom met ons diepste behoeftes en grootste sonde, en sy medelye ontdek. Hy weet wat dit beteken om mens te wees. Omdat Hy sonder sonde is, kan Hy ons uit die sonde lei na die wonderlike lig van sy vergifnis en sy krag om te oorwin. Casting Crowns sing 'n wonderlike lied hieroor: Casting Crowns - Here's My Heart Lord. KLIK op hierdie skakel om te luister:

<https://www.youtube.com/watch?v=qkSBmRAVXNc>

OORGEE, OMGEE, AANGEE

Jackie@Lourensrivier



# DINAMIET KIEDZ, LOURENSRIVIER GEMEENTE

Jenningsstraat 55, STRAND; Tel: 021 853 5991

[www.lourensrivier.co.za](http://www.lourensrivier.co.za)




FB: Lourensriviersemense EN Dinamiet Kiedz



**PROGRAM: 4de KWARTAAL (14 Oktober 2018 tot 9 September 2018)**

**Graad 1 tot Graad 7(08:45 - 10:15)**

|     |            |   |  |
|-----|------------|---|--|
| Di. | 09/10/2018 | Skole open                                      | <b>Lesmateriaal van KidsXpress wat hierdie jaar gebruik word:</b><br><br><b>Belofteland: Dapper stappers</b><br>Klein mensies leer Bybelkarakters al stappende! Hul ontmoet Bybelkarakters soos Moses, Josef, Elia en Jona. Saam met die karakters leer hulle meer van God, hulleself en die wêreld waarin hulle begin grootword. Die aanbiedinge is baie verhalend met baie aktiwiteite om die klein mensies te help om 'n lewende belangstelling in God se Woord te ontwikkel.<br>Outeurs: Riana Andersen en Chrissie Kritzinger |
| So. | 14/10/2018 | Gewone lesse                                    |  |
| So. | 21/04/2018 | Gewone lesse                                    |  |
| So. | 28/10/2018 | <b>Kinderdiens in kerk</b>                      |  |
| So. | 04/11/2018 | <b>Besoek Huis Jan Swart</b>                    |  |
| So. | 11/11/2018 | Gewone lesse                                    |  |
| So. | 18/11/2018 | Gewone lesse                                    |  |
| So. | 25/11/2018 | <b>Woon nagmaal as grootgroep by</b>            |  |
| So. | 02/12/2018 | <b>Afsluiting:</b><br>Piekniek/Speletjies/braai |  |
| Wo. | 12/12/2018 | Skole sluit                                     |  |



BlinkBen is 'n oulike karretjie wat saam met die kinders op reis gaan. Sy doen en late – én soms streke – bied die aanbieder die geleentheid om geestelike waarhede aan die kleuters oor te dra.

Outeurs:  
Riana Andersen  
en  
Chrissie Kritzinger

Eendag wil ek.... Tydens elke les word 'n beroep bekend-gestel dmv speletjies. bv Eendag wil ek 'n brandweerman wees. Eendag was daar... Ons gaan na die Bybel en vertel die verhaal van 'n karakter(s) wat aansluit by die beroep van die dag. bv. Sadrag, Mesag & Abednego in die brandende vuuroord. Vandag is die dag... Na aanleiding van die verhaal word daar gesels oor hoe ons vandag moet leef. Liewe dag-boek... Elke kind ontvang 'n aktiwiteits-boek waarin hulle 'n aktiwiteit voltooi.

Outeur:  
Chrissie Kritzinger

Hierdie reeks wil vensters oopmaak op wie Jesus is, wat Hy kom doen het, vertel het, hoe Hy lewens aangeraak het terwyl Hy op aarde geloop het, en hoe Hy dit steeds kan en wil doen. Op 'n dieper vlak vra ons: "Ken jy vir Jesus?" Het jy 'n persoonlike verhouding met Hom? Is Hy jou Here, jou Held, jou Koning? Is Hy die een na Wie jy draai as jy bang is, bly is, dankbaar of hartseer is? My gebed is dat elke kind wat aan hierdie reeks gaan deelneem, 'n dieper persoonlike verhouding met Jesus sal ontwikkel, sodat elkeen van hulle ook met blink oë van "My Jesus" sal kan praat...

Outeur: Chrissie Kritzinger; Ilustrasies: Magriet Brink

Kyk hoe groei my liefde vir God groter en groter. Hierdie reeks wil jong kinders toerus en inspireer om as kinders van God te lewe en die regte dinge te weet, kies en doen sodat hulle geestelik kan groei. groter en sterker, sodat hulle blomme en vrug kan dra wat hulle Here verheerlik.

Outeur:  
Chrissie Kritzinger  
Ilustrasies:  
Magriet Brink

'n Oorsig vanaf 1 Konings-Maleagi. Wonderwerke en ander WOW-gebeure uit die Woord. Saamdoen idees oor wie ek in Jesus is. In hierdie reeks gaan julle julle eie Survivor hou en die kinders gaan die deelnemers wees! Die reeks se naam is, Survivor Israel, want terwyl die kinders aan lekker Survivor-challenges gaan deelneem, gaan hulle ook in die Bybel kyk hoe die stamme van Juda en Israel, God se spesiale volk, survive het – van Jerusalem na Exile en weer terug.

Outeur:  
Tania Schultz

Jou amazing race begin by die kruis! Sak neer in die wegspringblokke en begin 'n amazing race met hierdie aksie-belaide lesse wat kinders aanmoedig om voluit aan die Christen-wedloop deel te neem. Bly fiks vir die wedloop deur geestelike oefeninge te doen en gereeld God se Woord-vitamines in te neem. Op julle merke... gereed... Gaan... om die hemelse prys te behaal.

Outeur:  
Tania Schultz

24 Blink Idees om kinders te help om hul identiteit in Jesus te ontdek en uit te leef. Speel dit los met 'n speletjie wat raakpunte het met die tema van die dag. Praat dit uit in die saamgesels Bybelstudie. Knoop dit vas in die ID-boekie propvol aktiwiteite en Bid dit deur.

Outeur:  
Tania Schultz  
Ilustrasies:  
Magriet Brink